Wes-Kaapse Regering

Kultuursake en Sport




# JAARVERSLAG VIR BURGERS 2011/ 2012

## WAAR ONS IS

Ons is die Departement van Kultuursake en Sport. Ons taak is om deur die aanmoediging van kreatiewe vennootskappe met ander, uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan te moedig. Ons skep die geleenthede vir toegang en massadeelname, talent-identifisering en vaardigheidsontwikkeling.

## WIE IS IN BEHEER

Die Minister is dr. Ivan Meyer. Hy is 'n verkose politikus en is, in ooreenstemming met nasionale en provinsiale regeringsbeleid, verantwoordelik vir die hanteer van die Departement se aktiwiteite.

Die Departementshoof is mnr. Brent Walters. Hy is 'n staatsamptenaar wat aangestel is om te verseker dat die Departement aanwysings van die Minister en die regering doeltreffend en doelmatig uitvoer.

## ONS HOOFDOELWIT

Die Departement is verantwoordelik vir die skepping van 'n maatskaplik inklusiewe Wes-Kaap deur sport, kuns en kultuur.

## WAT ONS DOEN

Ons hoofdienste aan u as die kliënt word hieronder beskryf.

**Kuns- en kultuurdienste** om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur te fasiliteer deur:

- Befondsing van kuns- en kultuurorganisasies;
- Betrokkenheid in kapasiteitsbou en opleiding van kunsadministrateurs en kunspraktisyns;
- Betrokkenheid in vennootskappe/ samewerking met kuns- en kultuurorganisasies, munisipaliteite en opvoedkundige inrigtings;
- Steun van kuns- en kultuurgeleenthede (bv. skeppende platforms en feeste); en
- Voorsiening van administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

**Taaldienste** bevorder veeltaligheid in die Wes-Kaap om by te dra tot trots en begrip onder ons mense en om voorheen gemarginaliseerde inheemse tale soos isiXhosa en Nama aktief te ontwikkel deur:

- Die voorsiening van taalredigeringsdienste aan provinsiale regeringsdepartemente;
- Die voorsiening van vertaaldienste aan provinsiale regeringsdepartemente;
- Die voorsiening van tolkdienste aan provinsiale regeringsdepartemente;
- Die bevordering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in die provinsiale regering;
- Die voorsiening van administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee; en
- Die bevordering van isiXhosa, Nama en Suid-Afrikaanse Gebaretaal

**Museums, Erfenis en Geografiese Naamdienste** bevorder en bewaar die Wes-Kaapse erfenis deur museum-, erfenis- en geografiese naamdienste deur:

- Befondsing van provinsiaalondersteunde museums;
- Betrokkenheid in uitreikprogramme na gemeenskappe;
- Ontwikkeling van beleidsrigtings;
- Betrokkenheid in die navorsing en ontwikkeling vir tentoonstellings en uitstallings;
- Onderneem van navorsing in die agtergrond en oorsprong van geografiese name;
- Ontwikkeling van onderwysprogramme vir skole;
- Deelname aan geleenthede wat bydra tot nasionale trots, bv. Vryheidsdag; en
- Voorsiening van administratiewe steun aan Erfenis Wes-Kaap

**Biblioteekdienste** voorsien biblioteek- en inligtingsdienste deur:

- Die voorsiening van nuwe materiaal aan biblioteke;
- Betrokkenheid in promosieprojekte, bv. geletterdheidsveldtogte;
- Aanbied van opleidingsprogramme vir biblioteekpersoneel;
- Die voorsiening van inligtings- en kommunikasietegnologie aan biblioteke;
- Die voorsiening van toegang tot die internet vir biblioteekgebruikers;
- Verhoog die toegang tot biblioteke deur die Boekwaentjie- (mobiele biblioteke) program; en
- Voorsiening van befondsing aan munisipale biblioteke

**Argiefdienste** voorsien argivale en rekordbestuursdienste deur:

- Restourering en bewaring van historiese dokumente;
- Implementering van gemeenskaps bewustheidsprogramme en uitstallings;
- Uitvoer van mondelinge geskiedenisprogramme;
- Deelname aan nasionale geleenthede, bv. Nasionale Argiefweek;
- Bestuur van argivale rekords; en
- Bestuur van leeskamers vir navorsingsdoeleindes.

**Sportontwikkeling** om toegang tot sportgeleenthede vir alle skole en hul leerders te skep en om ontwikkelingsprogramme vir sport en ontspanning te voorsien deur:

- Die stig van ontspanningsgebaseerde organisasies;
- Die oprig van MGO-(Massadeelname, Geleenthede, Toegang, Ontwikkeling en Groei) ontspanningsentra;
- Identifisering van sporttalent;
- Organiseer van hoëprestasiesportkampe;
- Die bestuur van die MGO-sportsentra;
- Organiseer van sportliga- en toernooi-kompetisies en feeste;
- Ontwikkeling van sportvaardighede;
- Die oprig van SHARP (Sport Hoër Prestasie en Vordering deur Ontspanningsprogramme); en
- Ondersteun van die Wes-Kaapse Sportskool

**Sportbevordering** om geleenthede in sport te bevorder deur die beskikbaarstelling van toeganklike, bekostigbare fasiliteite, programme en dienste deur:

- Die befondsing van geaffilieerde provinsiale en streeksportfederasies;
- Opleiding van sportadministrateurs;
- Opleiding van tegniese beamptes;
- Aanbied van sportontwikkelingsaktiwiteite;
- Bou en verbeter van sportfasiliteite;
- Aanbied van hoëprestasiesportprogramme;
- Aanbied van sportgeleenthede vir gestremdes, vroue en meisies;
- Steun van transformasie in sport;
- Organiseer van groot sportgeleenthede; en
- Organiseer van sporttoekenningsgeleenthede




# ONS ORGANISASIE EN PERSONEEL


## (i) Personeel

Ons het 604 personeellede in diens by persele regoor die Wes-Kaap.


**Werknemers volgens ras**




**Werknemers volgens geslag**




**Werknemers met gestremdhede**




## (iii) Tale wat gepraat word

Engels, Afrikaans en isiXhosa is die drie amptelike tale van die Wes-Kaap. Die meeste personeellede praat twee van die drie amptelike tale.

## (iv) Diensleweringsentra

| Kantoor | Straatadres | Telefoon | Faks |
|---|---|---|---|
| Hoofkantoor | Protea Assuransiegebou, Groentemarkplein, Kaapstad | 021 483 9503 | 021 483 9504 |
| Oudtshoorn Kultuurdienssentrum | Seppie Greef-gebou, 2de Vloer, Voortrekkerweg, Oudtshoorn | 044 279 1766 | 044 279 1766 |
| De Jager Sportkantoor | Voortrekkerweg, Oudtshoorn | 044 272 6165 | 044 272 5975 |
| Vredendal Kultuurdienste | Matzikammastraat 31, Vredendal | 027 213 3018 | 027 217 3019 |
| Boland Sportkantoor | Van der Lingenstraat 11, Paarl | 021 872 1337 | 021 872 1387 |
| Metropool Streeksportkantore | Hartleyvale-kantoor, h/v Liesbeekparkweg en Stasiestraat, Observatory | 021 447 5582 | 021 447 5589 |
| Provinsiale Biblioteekdienste | H/v Hospitaal- en Chiappini-strate, Groenpunt | 021 483 2272 | 021 419 7541 |
| Argief- en Rekorddiens | Roelandstraat 72, Kaapstad | 021 483 0400 | 021 483 0444 |
| Provinsiale Museums | Bartolomeu Diaz Museum, Mosselbaai | 044 691 1067 | 044 691 1015 |
| | Kaapse Mediese Museum, Groenpunt | 021 418 5663 | 086 535 6931 |
| | George Museum, George | 044 873 5343 | |
| | Worcester Museum, Worcester | 023 342 2225 | 023 347 4134 |
| | Sendingkerkmuseum, Beaufort-Wes | 023 415- 2308 | 023415 2545 |

# ONS BEGROTING

| Uiteensetting van die begrotingstoewysing | |
|---|---|
| Vergoeding van personeel | R126,056 miljoen |
| Programme | R122,052 miljoen |
| Lopende koste | R104,372 miljoen |
| Totaal | R352,480 miljoen |

| Uiteensetting van toewysing per program (salarisse uitgesluit) | |
|---|---|
| Program | Begroting |
| 1. Administrasie | R10,643 miljoen |
| 2. Kultuursake | R32,310 miljoen |
| 3. Biblioteek- en Argiefdienste | R119,219 miljoen |
| 4. Sport en Ontspanning | R64,252 miljoen |
| Totaal | R226,424 miljoen |

# HOE ONS IN 2011/2012 PRESTEER HET

| Diens | Uitsette verwesenlik |
|---|---|
| KUNS- EN KULTUURDIENSTE | • 5 distrikkultuurforums het steun ontvang<br>• 65 organisasies het befondsing ontvang<br>• 40 kuns- en kultuurgeleenthede is georganiseer<br>• 102 kunstenaars het opleiding ontvang<br>• 95 kultuuradministrateurs het opleiding ontvang<br>• 32 146 mense het openbare optredes bygewoon |
| TAALDIENSTE | • 638 dokumente is vertaal<br>• Tolkdienste is tydens 12 geleenthede aangebied<br>• 24 persone is bemagtig om vertalings te doen<br>• 2 projekte om veeltaligheid te bevorder, is geïmplementeer<br>• 2 projekte, gemik op die regstel van historiese taalwanbalanse, is geïmplementeer<br>• 2 projekte om voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal aktief te ontwikkel, is geïmplementeer |
| MUSEUMDIENSTE | • 368 332 mense het museums besoek<br>• 4 uitreikprogramme is geïmplementeer<br>• 19 provinsiaal-ondersteunde museums het steun ontvang<br>• 4 plaaslike museums het steun ontvang<br>• 741 leerders het aan skooluitreikprogramme deelgeneem<br>• 4 onderwysprogramme is ontwikkel |
| ERFENIS- EN GEOGRAFIESE NAAMDIENSTE | • 4 erfenisterreine is bevorder<br>• 405 geografiese name is hersien<br>• 6 plaaslike owerhede is bemagtig om geografiese naamsveranderinge en standardisering toe te pas |
| BIBLIOTEEKDIENSTE | • 15 promosieprojekte het plaasgevind<br>• 373 gemeenskapsbiblioteekpersoneel het opleiding ontvang<br>• 72 nuwe biblioteke is met die gerekenariseerde biblioteek- en inligtingsbestuurstelsel verbind<br>• 222 461 biblioteekartikels is geprosesseer<br>• 4 995 biblioteekartikels is gekatalogiseer<br>• 343 biblioteeksentra in die provinsie het steun ontvang |
| ARGIEFDIENSTE | • 34 regeringsliggame is geïnspekteer<br>• 165 rekordbestuurders het opleiding ontvang<br>• 10 bewustheids- en bevorderingsprojekte is geïmplementeer<br>• 48 309 rekords is deur navorsers geraadpleeg<br>• 304.41 liniêre meters argiefmateriaal is georden |

| Diens | Uitsette verwesenlik |
|---|---|
| SPORTBEVORDERING | • 111 geaffillieerde provinsiale sportfederasies het steun ontvang<br>• 2 sportfasiliteite is opgegradeer<br>• 58 atlete het hoëprestasie-sportsteun ontvang<br>• 126 sportadministrateur-vrywilligers het opleiding ontvang<br>• 5 sportgeleenthede vir gestremdes het steun ontvang<br>• 6 vroue- en meisiesportgeleenthede het steun ontvang<br>• 30 hoofsportgeleenthede is gehou<br>• 6 ontspanningstrukture is gestig en het steun ontvang<br>• 12 848 mense het aan ontspanningsportgeleenthede en programme deelgeneem<br>• 49 ontspanningsgeleenthede is gehou |
| SPORTONTWIKKELING | • 14 skoolgebaseerde sportstrukture het in elke distrik interskool-ligawedstryde gespeel<br>• 8 distrikgebaseerde inheemse spele-feeste het plaasgevind<br>• 5 afrigtergebaseerde afrigtingsklinieke is gehou<br>• 6 toekenningsgeleenthede is gehou<br>• 176 MGO-sentra is in aktiewe gebruik |

## DIENSLEWERINGSVERBETERINGSINISIATIEWE

Twee dienste is geïdentifiseer vir verbetering in die Diensleweringsverbeteringsplan: Taaldienste en Argiefdienste. Hierdie inisiatief het gefokus op die verbetering van diensstandaarde wat verband hou met die Batho Pele beginsels van toegang, inligting en regstelling.

## ANDER VERWYSINGS

Raadpleeg die Departement van Kultuursake en Sport se Jaarverslag 2011/12 vir meer inligting oor die Departement se prestasies.



# HOE OM MET ONS IN VERBINDING TE TREE:

Vir meer inligting, voorstelle en/of komplimente, tree asb. in verbinding met:
Kommunikasie-komponent
Departement van Kultuursake en Sport
Privaatsak X9067
Kaapstad
8000

| | |
|---|---|
| Telefoon: | 021 483 9514 |
| Faks: | 021 483 9521 |
| e-pos: | Tania.Colyn@westerncape.gov.za |
| Webwerf: | www.westerncape.gov.za/dcas |


Engelse en isiXhosa-weergawes van hierdie publikasie is beskikbaar op aanvraag.

Wes-Kaapse Regering
Kultuursake en Sport